

## Is jy 'n leier in jou kerk?

Is jy op soek na 'n geleentheid om jou kennis van teologie te verdiep en jou bedieningsvaardighede op te skerp, maar jou vorige opleiding is nie in die veld van teologie nie?



## Die Nagraadse Diploma in Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat mag dalk net die antwoord wees!

**Sluitingsdatum vir aansoeke:**  
31 Oktober 2021

**Aanlynaansoeke**  
<https://apply.ufs.ac.za/>

**Vir meer inligting**  
Kontak asseblief die akademiese raadgewer:  
+27 51 401 2617 | [theology@ufs.ac.za](mailto:theology@ufs.ac.za)

[www.ufs.ac.za/theology](http://www.ufs.ac.za/theology)

UFSUV | UFSweb | UFSweb | ufsuv

*Inspiring excellence, transforming lives  
through quality, impact and care.*

UNIVERSITY OF THE  
FREE STATE  
UNIVERSITEIT VAN DIE  
VRYSTAAT  
YUNIVESITHI YA  
FREISTATA



**UFS**  
THEOLOGY AND RELIGION

Hierdie unieke program is vir studente met 'n akademiese agtergrond in enige veld (NKR-vlak 7) wat geroepe voel tot die kontekstuele bediening in en deur 'n Christelike geloofsgemeenskap. Die program het 'n ekumeniese oriëntasie, met ander woorde dit verteenwoordig Christelike denominasies, en alle teologiese dissiplines word aangepas om die uitdagings van die bediening in 'n onstabiele en snelveranderende wêreld die hoof te bied. Onderrig is in persoon tydens blok-kontakssessies op die Bloemfontein-kampus van die UV, met onafhanklike leer wat plaasvind tussen sessies. Opdragte moet voltooi word as deel van jou aktiewe betrokkenheid in 'n geloofsgemeenskap onder leiding van 'n mentor. Die onafhanklike ontwikkeling van jou bedieningsportefeulje is 'n belangrike uitkoms van hierdie program.

### Gevorderde Studie van die Ou Testament en die Nuwe Testament

Die teologie, etiek en hermeneutiek van die Bybel word op so 'n wyse bestudeer dat jy die Skrif op 'n betekenisvolle wyse binne 'n bedieningskonteks sal kan toepas.

### Gevorderde Studie van Kerkgeskiedenis en Kerkreg

Historiese hermeneutiek, kontemporêre Suid-Afrikaanse historiografie en 'n gekose aantal temas uit historiese en kerkpolitieke neigings word bestudeer.

### Gevorderde Studie van Dogmatologie en Etiek

In hierdie module word die tussenspel tussen dogmatologie, etiek en konteks bestudeer deur die toepassing van 'n teologiese idee wat die welstand van die persoonlike, gemeentelike en openbare sferes van lewe in die Suid-Afrikaanse konteks toelig. Studente verken 'n gekose teologiese respons wat relevant is tot en van toepassing is op die kompleksiteit van die konteks en wat spreek tot verskeie gehore in verskillende kontekste.

### Gevorderde Studie van Sendingwetenskap

Het jy al ooit gewonder hoe die Goeie Boodskap deur ons snelveranderende wêreld versprei word? In hierdie module word onlangse verwickelinge en kontemporêre uitdagings in die sendingwetenskap bestudeer. Studente verken die toepassing van missionale teorie in ekklesiologiese en Afrika-kontekste.

### Gevorderde Studie van Temas in Praktiese Teologie, Gespesialiseerde Bedienings en Praktikum

In hierdie module word teorieë, beginsels en praktyke verwant aan 'n gevorderde studie van sommige temas in gespesialiseerde bedienings en 'n praktikum bestudeer, insluitend:

- a) **Oriëntering:** 'n Verkennende verslag van die spesifieke koördinate en genealogiese verwickelinge wat teenwoordig is in die hedendaagse uitvoer van praktiese teologie.
- b) **Gemeentestudie en leierskap:** 'n Verkennende studie van die interaksie tussen geloofsgemeenskappe, die samelewing en die bediening.
- c) **Pastorale sorg:** 'n Verkennende studie van sommige pastoralesorgmodelle om gekose praktiese scenario's toe te pas.
- d) **Liturgie en homiletiek:** 'n Verkennende studie van liturgie en homiletiek om gekose vorme in die praktyk toe te pas.

e) **Geloofsvorming:** 'n Verkennende studie van geloofsvorming om belangrike beginsels toe te pas vir 'n teologie van jeugbediening.

Let asseblief daarop dat daar van jou vereis word om aktief betrokke te wees by 'n geloofsgemeenskap ten einde 'n bedieningsportefeulje saam te stel as deel van verpligte ervaring en betrokkenheid onder leiding van 'n bedieningsmentor. Bykomende vereistes mag aan sommige kandidate gestel word ná afloop van 'n oorsig deur die Departement Praktiese en Missionale Teologie.

**Toelatingsvereistes:** 'n Driejaar-graad (360 krediete op NKR-vlak 7) in enige veld, voltooi aan 'n geakkrediteerde instelling.

**Onderrig:** Studente moet vier blok-kontakssessies (met lesings op opeenvolgende dae) by die Fakulteit Teologie en Religie op die Bloemfontein-kampus van die Universiteit van die Vrystaat bywoon. Tussen sessies word daar van studente verwag om onafhanklik te studeer.

Besonderhede van kontakssessies		
<b>Kwartaal 1</b>	Februarie	8 weksdae
<b>Kwartaal 2</b>	Mei	5 weksdae
<b>Kwartaal 3</b>	Augustus	5 weksdae
<b>Kwartaal 4</b>	Oktober	4 weksdae

\* Datums sal teen die einde van 2021 aan suksesvolle kandidate gekommunikeer word.

### Assessering: Deurlopende assessering

Tydperk van studie: Voltydse studente voltooi die kwalifikasie in een jaar; deeltydse studente kan kies om die kwalifikasie in twee opeenvolgende jare te voltooi.

**Artikulasie:** Studente wat nuut is tot die veld van teologie mag, ná voltooiing van die Nagraadse Diploma in Teologie, aansoek doen vir toelating tot 'n honneursgraad in teologie of 'n gestruktureerde meestersgraad in teologie. Evaluering van die aansoek sal vorige navorsingsblootstelling, asook departementele keuringsvereistes oorweeg soos uiteengesit in die Reëlboek van die Fakulteit Teologie en Religie.

Studente wat voorgraadse studie in teologie voltooi het, sal toegelaat word tot 'n meestersgraad in teologie ná voltooiing van die Nagraadse Diploma in Teologie indien die student voldoen aan die toelatingsvereistes vir die meestersgraad soos uiteengesit in die Reëlboek van die Fakulteit Teologie en Religie.

Geraamde klagelde vir voltydse studie (boeke uitgesluit): R40 370\*

\* Hierdie is nie 'n kwotasie vir 2022 nie, maar 'n minimum-kosteberaming gebaseer op die fooie van 2021. Die UV se Fooie-jaarboek sal eers teen die einde van 2021 beskikbaar wees.

Beurse: 'n Beperkte aantal klein beurse ten opsigte van 'n derde van die registrasiedeposito is beskikbaar vir behoeftige studente. Stuur 'n e-pos met jou studentennommer na [theologybursary@ufs.ac.za](mailto:theologybursary@ufs.ac.za) vir meer inligting.

**Onderrigtaal:** Engels

[www.ufs.ac.za/theology](http://www.ufs.ac.za/theology)

 UFSUV |  UFSweb |  UFSweb |  ufsuv

*Inspiring excellence, transforming lives through quality, impact and care.*

UNIVERSITY OF THE  
FREE STATE  
UNIVERSITEIT VAN DIE  
VRYSTAAT  
YUNIVESITHI YA  
FREISTATA



**UFS**  
THEOLOGY AND RELIGION